# Hoofstuk van die dag: Jeremia 30

> *Daardie dag, sê die Here die Almagtige, sal Ek die juk van die vyand afgooi van julle nekke af en julle vry maak. Julle*

*sal nie meer uitlanders dien nie, want julle sal die Here julle God en julle koning Dawid dien. (Jer 30:8-9)*

Een van die groot misverstande wat by mense bestaan, is wat jou posisie is wanneer die Here jou verlos. Party mense dink jy betree dan ’n luilekker nuwe bestaan, waar daar nie meer enige sorge of probleme is nie.
Dit was ook die Jode se verwagting. Hulle het geglo alles gaan terugkeer na hoe dit was vóór die ballingskap, maar sonder al die politieke probleme wat hulle gehad het. Die vyande van die volk is vernietig, en elkeen kan terugkeer na sy eie lappie grond en onder sy eie vyeboom gaan sit en rustig baai in God se voorsiening.
Jeremia stel dié misverstand gou reg. Enersyds sal hulle verlossing nie sonder pyn en opoffering kom nie (vers 7). Maar God sal die verbondsverhouding weer herstel (vers 22). Dan sal alles verander, en hulle sal nie meer kan leef soos voor die ballingskap nie. Hulle roeping sal dan eerstens wees om die Here te dien (vers 9).
Ons word verlos, sodat ons Jesus kan volg.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026